# Les 1 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: ONS IS GEDOOP

## 1. Skriflesing: Matteus 28

Kom ons lees Matteus 28: 16 tot 20 uit die Bybel.

16 *Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het
om te gaan.* 17 *Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het.* 18
*Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die
aarde.* 19 *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die
Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en* 20 *leer hulle om alles te
onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding
van die wêreld*."

Kom ons lees weer vers 19: "*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*"

Hierdie is 'n opdrag wat die Here aan sy dissipels gee. 'n Opdrag beteken hulle word gesê wat hulle moet doen.

- Wat is die opdrag wat die Here aan sy dissipels gee?

Dit is om mense dissipels van die Here te maak.

- Wat is 'n dissipel?

Dit is iemand wat in die Here glo en Hom liefhet.

- Wie gee hierdie opdrag aan die dissipels?

Dit is die Here self.

- Hoeveel dinge moet die dissipels gaan doen om ander mense dissipels te maak?

Hulle kry twee take om te doen: 1. Hulle moet mense gaan doop.
2. Hulle moet die mense wat gedoop is, leer om alles te doen wat die Here vir hulle sê.

## 2. Oefening

Kom ons oefen en kyk of ons die opdrag van die Here kan onthou.

Lees hardop voor en laat die kinders saam, en ook een-een, hardop die volgende vers herhaal en memoriseer:

*“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”*

**3. Kategese elke Sondag**

Hoekom gee die Kerk elke Sondag vir julle kategese?

Hier is ŉ wenk: kyk weer wat sê die opdrag van die Here aan die Kerk!

“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”

Die Kerk het julle gedoop omdat dit die opdrag van die Here is. Ons gee elke Sondag kategese omdat die Here ons die opdrag gegee het om die kinders wat ons gedoop het, te leer om alles wat die Here gesê het, te onderhou.

Kategese gee, en kategese kry, beteken: ons leer alles wat die Here vir ons gesê het. Ons is besig om die opdrag van die Here te gehoorsaam.

**4. Ons is gedoop**

Kom ons gesels ŉ bietjie!

- Weet julle of julle gedoop is? (*Gee elkeen kans om daaroor te gesels*)
- Wat het Pappa, Mamma of oupas, oumas, ooms en tannies al vir julle

  vertel van toe julle gedoop is?

**Opdrag vir die week**

Hier is hierdie week se opdrag. Gaan praat met Pa of Ma en vra vir hulle die volgende vrae, en dan gaan ons dit volgende keer behandel:

- In watter gemeente is ek gedoop?
- Wie was die dominee wat my gedoop het?
- Wie was almal by my doop?
- Hoekom was my doop vir hulle belangrik?

**5. Hoe is ons gedoop?**

- **Die eerste ding** wat gebeur het toe jy gedoop is – jou pa en ma het besluit hulle gaan jou deur die Kerk laat doop.

  Hoekom het hulle so besluit?
  Dis maklik. Kyk weer na ons teksvers!

"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees"

Want dit is 'n opdrag wat die Here vir hulle gegee het!

- **Die tweede ding** wat gebeur het, is Pa en Ma het die kerkraad gevra of hulle jou kan doop.

Hoekom het hulle die kerkraad gevra?

Want die Here het nie vir pappas en mammas gesê hulle moet sommer self hulle kinders doop nie. Hy het dit vir die Kerk gesê. Dit is die Here se opdrag dat die Kerk dit moet doen.

Die kerkraad laat net kinders gedoop word as hulle pa's en ma's in die Here glo en die Here liefhet.

Daarom moet hulle eers vra – dat die kerkraad kan besluit – het jou pa, ma oupa of ouma die Here lief en glo hulle in Hom.

- **Die derde ding** wat gebeur het, is die dominee het van die preekstoel afgekom om jou te doop.

Hoekom is dit die dominee wat julle moes doop?

Kom ons kyk wat staan in die Bybel in vers 16: " 16 *Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan*"

Hierdie elf dissipels word apostels genoem. 'n Apostel is iemand wat die Here aanstel om vir sy dissipels te preek. Hulle moet preek en mense vertel van die Here sodat mense in Hom kan glo en Hom liefkry.

In ons gemeente het die kerkraad die dominee die werk gegee om te preek en daarom moet hy ook mense doop. Die Here het opdrag gegee dat die predikante moet doop.

- **Die vierde ding** wat met jou gebeur het, is die dominee het jou met water gedoop.

"Doop" beteken dat die dominee namens die Kerk water vat en dit met die hand oor jou uitgooi. Kyk wat staan voor in die kerk elke Sondag! Dit is die doopbak. Dit is die bak waarin ons water gooi sodat ons dit oor jou kan uitgooi wanneer ons jou doop.

- **Die vyfde ding** wat met jou gebeur het, is die dominee het, terwyl hy die water oor jou uitgooi, iets gesê.

Wat het hy gesê?
Kyk weer na ons teksvers!

“*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*”

Die dominee het gesê: ”Ek doop jou in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees.”

Hoekom sê die dominee dit?

Want dit is die opdrag van die Here!

**6**. **Waar is jy gedoop?**

Waar dink julle is julle gedoop?

Het ons jou in 'n winkel gedoop?
Het ons jou by jou pa of ma se werk gedoop?
Het ons jou by jou pa en ma se vriende gedoop?
Het ons jou sommer in 'n bos of in die veld gaan doop?

Kom ons kyk weer na ons teksvers: [16] *Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan.* [17] *Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het.* “

Kyk mooi na die woorde: “hulle het Hom aanbid”. Dit is wat ons elke Sondag in die erediens doen wanneer ons Kerk toe kom. Ons kom aanbid die Here.

Daarom het ons jou gedoop waar Christene saam die Here aanbid: binne in die erediens, in die Kerk.

**7**. **Samevatting**

Kom ons sê net weer ons doopvers saam op:

“*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*”

**8**. **Onthou die opdrag vir die week!**

Die opdrag van die week is: Gaan praat met Pa of Pa en vra vir hulle die volgende vrae, en dan gaan ons dit volgende keer behandel:

- In watter gemeente is ek gedoop?

- Wie was die dominee wat my gedoop het?
- Wie was almal by my doop?
- Hoekom was my doop vir hulle belangrik?

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

________________________________.
Handtekening: ouer of voog.